

Rig jou hart op die woorde van die Here

Teks: Numeri 22: 22 - 35

Teksvers: Numeri 22: 30

1. Inleiding

Geliefdes vanoggend fokus ons op 'n bekende gedeelte uit die Woord van die Here. Maar so bekende soos dit is, net so eienaardig is dit ook. Die feit dat 'n eenvoudige rydier, 'n donkie aan haar eienaar die waarheid openbaar, en dit nogal in 'n hoorbare stem. Hierdie feit het al tot baie debat onder skrifverklaarders gelei. Die nommer of getal 3 speel 'n sentrale rol in hierdie openbaring.

Ironies genoeg is daar dan ook drie verklarings vir presies wat hier gebeur het. Eerstens is mees opsigtelike, maar onlogiese verklaring dat die donkie in 'n hoorbare mense stem met bileam gepraat het. Met ander woorde dat God bonatuurlike deur die donkie gewerk om te praat. Die tweede verduideliking is dat die donkie bloot op 'n spesiale manier gebalk het, maar dat Bileam deur die werking van die Heilige Gees hierdie unieke balk kon verstaan en interpreteer. Die laaste verklaring is dat dit eenvoudig 'n fabel is om 'n ander waarheid aan ons te openbaar.

Ons as gelowiges in die Almagtige skepper en onderhouer van die aarde het geen rede om die waarheid so

bietjie nader aan ons

verwysingsraamwerk te buig nie. Ons kan die eerste punt as heeltemal waar in God se almag aanvaar. Maar dit is juis hierdie buig na my eie wil wat sentraal deurkom in vandag se teksgedeelte. Want uiteindelik is dit presies wat Bileam ook wil doen. Hy wil die wil en opdrag van die Here so buig dat dit homself pas. Soos wat daar in 2 Petrus 2: 13 terug verwys word na Bileam. Die weg gevolg van Bileam seun van Beor wat daarop uit was om vir geld onreg te pleeg.

2. Om te hoor

Ons gaan vanoggend ook in drie vlakke van vergelyking die versoeking aan Bileam ondersoek. Hierdie vlakke gaan fokus op die stem van die Here. Die stem wat in genade ook nog daar is vir ons vandag. Omdat 'n stem in klank na ons sintuie kom, moet ons dit kan hoor om dit enigsins te erken. Vandag in 'n toenemende atïestiese wêreld, word daar voortdurend gepoog om die stem van die Here stil te maak.

Ons sien dit in die bespotting van die kerk en die woord van die Here in die samelewing. Vandag in 'n alternatiewe kultuur word kerkmense en selfs die woord van die Here dikwels gekoppel aan dit wat as sleg en boos gesien moet word. Dink maar net aan die

beeld van 'n tipiese kerkmens of kerkleier wat deur populere vermaak op tv ens. aan ons voorgehou word. Die wêreld probeer hard om die stem van die Here so belaglik soos 'n pratende donkie te maak.

Op 'n manier is dit ook waar Bileam se reis begin. Daar is in die konteks van ons teksgedeelte 'n ewige onherroeplike siening van 'n seën of vloek wat uitgespeek word. Die probleem egter is dat dit as 'n blote handelkommoditeit gesien en hanteer word. Koning Balak wil as 'n ware hierdie vervloeking van Israel deur Bileam koop met. Maar Bileam moet besef dat seën en vloek nie iets is wat hy self kan genereer en verkoop nie, veral nie as dit by die mense van die Here kom nie. Hy moet luister maar daarvoor moet Hy eers die stem van die Here hoor.

Hy het na al twee keer in die nag na die Here probeer luister, maar daar is ook 'n anders stem wat hy goed hoor. En dit is die stem van mammon. Hy verwys nie verniet na die paleis vol silwer en goed in vers 18 nie.

3. Om te luister

Om by die tweede vlak van toegewydheid te kom is dit belangrik om die verskil tussen hoor en luister te verstaan. Wanneer daar niks hoorbaar is, kan daar nie geluister word nie. Maar ons kan in die konteks van vandag se teksgedeelte sê dat die donkie nie stil is nie. Want alhoewel

ons in 'n toenemend Atïestiese wêreld woon en werk, is dit nie stil nie. Daar word gepraat, daar word baie gepraat. Hier in ons gemeente is elke sondag twee eredienste. Daar is ook nog bybelstudie en ander geleenthede. Daarby het ons almal Bybels en ander geestelike hulpmiddels tuis.

Maar dikwels is dit soos die saad wat tussen die onkruid val in Matteus 13: 22 “²²Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug”. Ons ken dit vandag in die bekende antwoord: “Ek hoor jou, maar ek gaan eerder.....”. Die waarheid is daar om na te luister, tog wil mense eerder die vleitaal van versoekings navolg.

Dit is ook wat in ons teksgedeelte met Bileam gebeur. Na die eerste besoek van die Balak se boodskappers is die saak nie afgehandel vir Bileam nie. Hy kyk verlangend terug na wat kon wees. En ons kry die gevoel dat Bileam amper soos 'n stout kind aanhou nader tot God, in die hoop van 'n ander antwoord. Ons luister ook vandag maklik met 'n ander ingesteldheid. Net soos Bileam kyk en hoor ons so maklik met Jesaja 6 oë en ore: “⁹Toe het die Here gesê: “Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie.” Maar vir Bileam gaan dit verander.

4. Om te gehoorsaam

Die laaste vlak waarna ons gaan kyk, is om te gehoorsaam. Dit gaan soveel verder as hoor en verstaan. Dit is die uiteindelijke neerbuig voor die wil en opdrag van iemand anders. Natuurlik is dit iets wat in vandag se wêreld uiters ongewild is. Trouens dit is eintlik iets wat vir die mense uit Sy eie heeltemal onmoontlik is. Want die mens is so vasgevang in die doodsgreep van die sonde, dat hy op sy eie nooit vir die goeie sal kan kies nie.

Maar dan verskyn “die Engel van die HERE” al in vers 22 van ons teksgedeelte. Die Engel van die HERE weet ons is die Ou Testamentiese verskyning van ons Here Jesus Christus. En dan sien ons in ons teksgedeelte dat Christus ook doen wat Hy altyd doen. Hy kom staan tussen ons en die pad van die sonde. Daardie pad wat na die ewige verdoemenis lei. Dit is die gevaarlike pad waarna verwys word in vers 32. Christus kom staan nie net in hierdie pad vir ons nie. Hy kom betaal ook die volle prys wat die ander pad vir ons moontlik maak. Die pad terug na God die Vader, en die ewige lewe in Sy teenwoordigheid.

Ons sal uiteindelik deur die werking van die Heilige Gees ook gehoorsaam word. Selfs al moet die klippe in Lukas 19:40, of dan die donkie in ons teksgedeelte vandag die waarheid uitroep en getuig. Tog is daar ook juis hierin vir ons vandag ’n spesiale

voorreg opgesluit. Want ons kan soos Bileam hoor Gaan en sê net wat Ek vir jou sê. Die Here stuur ons ook vandag in ’n vreemde wêreld rondom ons in, met die opdrag doen en sê net wat Ek vir julle sê om te doen. In die woorde van Jakobus 1:22: “²²En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.”

5. Slot

Ons kan vanoggend ons unieke teksgedeelte afsluit met ’n fokus op die donkie. ’n Bekende teoloog skryf die volgende: ““Die lewe van ’n profeet kan vergelyk word met die ry van ’n donkie. Bileam se persoonlike vermoë om die gang van die geskiedenis te bepaal en vooruit te sien wat gaan gebeur, is baie gering—selfs minder as dié van die dier waarop hy sit. Sodat Bileam nie sou meen dat hy God se raadsplan kon verydel of omseil nie, leer die Engel van die HERE hom dat hy sy eie voornemens om Israel te vervloek of te seën moet laat vaar en hom volkome aan God se soewereine leiding moet onderwerp, sodat God hom kan gebruik volgens sy welbehag.”

Jare later sou daar nog ’n belangrik rit op ’n donkie wees. In Matteus 21, Markus 11, Lukas 19 en Johannes 12 ry ons Here Jesus Christus Jerusalem binne op ’n donkie. Dit gebeur ook, omdat Hy homself volledig aan die wil van die Vader onderwerp. Hierdie pad waarop Hy beweeg eindig by die kruis op Golgota. Daar waar ons Verlossing

alle vervloeking wat ons toekom op
Hom neem, en vir ons die ewige seën
uit die hand van die Vader ontvang. En
as die almagtige Vader Sy liefde vir ons
getuig in die offer van Sy enigebore
Seun. Dan is waarskuwing deur 'n
menslike stem vir 'n donkie klein in
vergelyking. Kom ons gehoorsaam die
werking van die Heilige Gees. Kom ons
hoor, luister en gehoorsaam die stem
van God vandag. Kom ons rig opnuut
ons harte op die Woord van die Here.
Want waar jou skat is sal jou hart ook
wees.

Amen.